Dominikaanse Vise-Verklaring

en

Onderwysbeleid

Visie-Verklaring

Die doel van Dominikaanse skole is om 'n hoë standaard toekomsgerigte onderwys te verskaf, gebaseer op 'n tradisies van meer as sewe honderd jaar se toewyding aan opvoeding.

Ons skole wil die hele mens ontwikkel ten opsigte van:

- **'n Liefde vir studie**
- **'n Entoesiasme vir die waarheid**
- **'n Liefde vir die medemens**
- **respek vir die kultuur- en godsdiensbeskouings van alle mense**
- **'n bereidwilligheid om te dien in 'n gees van heling en vesoening,**

wat voorvloei uit 'n waardering vir God se woord en ware toewyding aan Christus.

GESKIEDENIS

Die inspirasie vir die Dominikaanse onderwys het oorspronklik gekom van 'n Spanjaard, Dominic Guzman (1170-1221), stigter van die Dominikaanse Orde. Hy het sy bediening gebaseer op die lewe en werk van Jesus, die onderwyser en prediker.

Dominic, 'n gebedsman, het 'n flink brein gehad, geoefen deur jarelange studie in die liberale kuns, filosofie en teologie. In Toulouse, in die suide van Frankryk, het hy op alle sosiale vlakke te doene gekry met onkunde en verwarring, veral ten opsigte van die valse leerstellings van Albigensianisme wat die inherente kwaad van die fisieke so oorbeklemtoon het dat die goeie in die skepping feitlik totaal misken is. Dominic het geglo dat dit noodsaaklik was om die waarhede van die Bybel te verkondig ten einde die verwarring wat geheers het, te oorkom. Dominic se eerste helpers was vroue wat hul ekeer het van valse leringe en kort daarna het mans dieselfde gedoen. Hulle was die eerste susters en monnike in die Dominikaanse Orde. Dominic het onmiddellik gereël dat formele teologiese studie deel van hul daaglikse lewe word, sodat hul opdrag met selfvertroue kon uitvoer.

Baie bekende Dominikane, bv. St. Thomas Aquinas, het beklemtoon dat die waarheid na God lei, omdat Hy Die Waarheid is. Vir diegene wat deur Dominic besiel is, sal studie doodeenvoudig deel wees van die vreugde om te lewe.

Die Dominikaanse Orde het stadig deur Europa versprei. Alhoewel die Dominikane mettertyd in Ierland was, word daar eers vanaf die middel-sewentiende eeu van hul teenwoordigheid melding gemaak – 'n tyd van oproer, toe godsdiensvervolging aan die orde van die dag was. Dominikaanse susters het skole gestig, maar moes dit weer sluit vanweë die oproer. Met die Katolieke Emansipasie in 1829 is daar meer Dominikaanse stigtings in Ierland gevestig. In 1863 is, op Uitnodiging van biskop Thomas Grimley van Kaapstad, ses susters gestuur om die eerste Katolieke skool langs die St. Mary's-Katedraal te stig. In 1867 het daar 'n nuwe Dominikaanse stigting in Port Elizabeth tot stand gekom.

Met verllop van tyd is daar baie meer skole in die Wes-en Oos-Kaap gestig en later ook in Gauteng en Swaziland. Die susters het hul leuse – VERITAS – WAARHEID – uitgeleef in hul skole vir die kinders van Katolieke setlaars (koloniste), hul sendingskole en skole vir dowes. Hulle het probeer om getrou te bly aan hul roeping deur voort te gaan tydens die apartheidsera en deur hul skole vir alle rasse oop te stel in 1976.

ONDERWYSBELEID

DIE LEUSE

Die leuse van al die Dominikaanse skole is VERITAS – WAARHEID. Ons doel is om ons leerlinge te help om volledig mens te word en hul te lei na die Waarheid – Christus. In navolging hiervan, strewe Dominikaanse skole daarna om hul leerlinge verstandelik te ontwikkel en te help om mense met integriteit te word. 'n Goedgebalanseerde leerplan waarin godsdiensonderrig van kardinale belang is moet in stand gehou word. die belangrikheid van individuele vakke work erken vanweë hul intrinsieke waarde om sommige aspekte van die waarheid bloot te lê.

DIE STUDENTE

As opvoeders heg ons baie waarde aan die belangrikheid en uniekheid van elke mens. ons help ons studente om alle fasette van hul potensiaal te ontwikkel – fisiek, emosioneel, sosiaal, intellektueel, moreel en geestelik sodat hulle volgens Christelike beginsels kan lewe, bewus van en toegewy aan hul Christelike missie in die wêreld en in staat om vryheid verantwoordelik te hanteer en om realiteite in die lig van die geloof te interpreter.

Ons mikpunt vir ons leerlinge: respek vir hulself en vir ander mense, 'n gees van vertroue en versoening, inisiatief, die vermoë om konstruktief te dink, die regte keuses uit te oefen en die aanvaardign van verantwoordelikheid vir hul keuses.

Ons probeer verseker dat ons studente die basiese leer- en kommunikasievaardighede ontwikkel en dat hul deur hul ervarings bewondering en waardering vir die skepping ontwikkel. Ons streef daarna om mense op te voed wat lief is vir hul land en toegewy is aan geregtigheid, versoening en diensbaarheid aan die gemeenskap – rentmeesters van die hele skepping.

Geskoei op die tradisies van St. Dominic, 'n man van gebed, is ons doel om ons leerlinge te help om 'n gees van gebed en aanbidding te ontwikkel wat hul verhouding met God sal verdiep, om Christus as die middelpunt van hul bestaan te beskou en om te groei in begrip en Liefde vir die kerk van Christus wat die Mensdom dien.

OUERS

Ons waardeer die rol wat ouers speel as die eerste opvoeders van hul kinders. Dit vorm deel van ons opvoedkundige filosofie.

Ons erken die invloed van huislike omstandighede op die ontwikkeling van ons leerlinge. Hoe beter 'n mens hul agtergrond verstaan, hoe beter sal die opvoedingsproses wees. Ouers lewer 'n waardevolle bydrae tot die skoolgemeenskap. Hul betrokkenheid by beheerrade en ouer-onderwyserverenigings is noodsaaklik vir die goeie bestuur van ons skole.

LEERKRAGTE

Van al die leerkragte in ons skole word verwag om die onderwysbeleid goed te verstaan en verantwoordelik en getrou toe te pas. Dit vereis nie alleenlik professionele vaardighede en persoonlike toewyding nie, maar is ook op die Katolieke etos van die skool gerig, terwyl die veelvuldige godsdienste in ons gemeenskap gerespekteer moet word.

Prioriteite vir Dominikaanse opvoeders:

- **om 'n liefde vir leer te ontwikkel en in stand te hou;**
- **om by leerlinge respek vir alle vorms van lewe vas te lê;**
- **om leerlinge toe te rus om hul suksesse en mislukkings te verwerk;**

Professionele ontwikkeling en die deel van opvoedkundige ervarings word aangemoedig, want dit lei tot verantwoordelike betrokkenheid in besluitneming en 'n goedgeïntegreerde onderwysspan. Werklike studie en kreatiewe onderrig kan alleenlik plaasvind waar goeie verhoudings en wedersydse respek bestaan.

DIE SKOOLGEMEENSKAP

Ons strewe daarna om skole te stig waar ons studente hulself kan uitleef, aanvaar word en gelukkig is. Terwyl daarna gestrewe word om 'n hoë standaard vir al ons studente te handhaaf, word spesiale aandag gegee aan die minder-begaafdes, die begaafdes en diegene wat as gevolg van hul gebrek nie die gesproke woord kan hoor nie. die skoolatmosfeer moet ware liefde, vertroue, geregtigheid en 'n gees van versoening uitstraal sodat ons studente hul talente kan ontdek en selfvertroue kan ontwikkel binne 'n realistiese en geïntegreerde kurrikulum.

Ons streef daarna om al die tale en kulture in ons skole te respekteer. Sodoende bly ons getrou aan onsself en opreg in ons soeke na identiteit as mense van Suid-Afrika.

Ons ideale leerlinge moet mense wees met integriteit en 'n verantwoordelikheidsin. Hulle moet toegerus wees om hul plek in die wêreld vol te staan, om hul gawes te gebruik om 'n bydrae te lewer tot 'n meer regverdige samelewing en om die Koninkryk van God uit te bou.

VERITAS

ST PAULUS
School - Skool